# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

November 2025

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe




Thuringian Whitehead



Thuringian Spot



Thuringian Swallow



Thuringian Shield

Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

## Ere-Presidente / Honorary Presidents

*Mnr. Warren Klopper* — *Mr. Clive Druce* — *Mr. Stewart Patterson* — *Mnr. Wynand Wessels*
*Ds. Renier Lee* — *Mnr. Pierre le Roux* — *Ds. Hennie Hattingh*

## Uitvoerende Komitee / Executive Committee

### Nasionale / National President

Dirk Scholtz, Posbus 21110, Nelspruit. 1200 Sel: 082 452 4229 E-pos: dirk@harmonie@co.za

### Nasionale Vise-President / National Vice-President: (Gekoöpteer)

Leendert Snyman, Posbus 41, Griekwastad, 8365, Sel: 083 286 8496, E-pos leendert270@gmail.com

### Nasionale Sekretaris / National Secretary: (Gekoöpteer)

Vakant / Vacant

### National Treasurer / Nasionale Tesourier:

Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com

### National Ring Master / Nasionale Ringmeester:

Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,
E-pos: safpa.rings@telkomsa.net

### Nasionale Redakteur / National Editor:

Cora Munnik, 37 Protea St, West Driefontein, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com

### Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:

Christo Munnik, 37 Protea St, West Driefontein, Carletonville, 2499 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com

### Nasionale Jeugverteenwoordiger / National Youth Representative

Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082-855-0089 E-pos: pietodendaal01@gmail.com

### Webmeester / Webmaster

Marleen Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 061 661 7420
E-pos: marleenesterhuizen@gmail.com

### Streekverteenwoordigers / Region Representatives

**Noord-v-d-Vaal:** Tommy Laubscher, 14 Drakenstein St, Culemborg Park, Randfontein, 1759 Cell 082 454 0484
E-pos: tommy@protectorgroup.co.za

**Vrystaat:** Vakant / Vacant

**Wes Kaap:** Pieter Neethling, 21 St Thomas Street, Malmesbury, 7322 Sel: 081 397 9960
E-pos: thehaircorporation12@gmail.com

**Noord-Vrystaat:** Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,
E-pos: pietodendaal01@gmail.com

**Oostelik Streek:** At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,
E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com

**Noord Kaap:** Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,
E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com

**Oostelike Provinsie:** Johnny Rudman, Posbus 87, Seaview, Nelson Mandela Bay, 6011 Sel: 0839554607,
E-pos: johnnyrudman49@gmail.com

**Suid Westelike Distrikte:** Arthur Muller, Condonstraat 37, Oudtshoorn, 6620 Sel: 072 821 9400
E-pos Amuller@capekarooint.com

**Wes-Transvaal:** Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,
E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com

**KwaZulu-Natal:** Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,
E-Pos: duanesschwarz70.co.za

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

# Editors page / Redakteur se blad


Algemene inligting van die SASV 2
Voorwoord - Seppie Esterhuysen 3
Die wonderwerk verhaal van Stofie - Chris de Bruin 4
The Mookee Article 3: Colour Part 2: All Mookee Colours Matter. - Brian Rogers 6
Scoreboard and rules 11


***Nuwe Lede / New Members***


B018 William Hewitt
B033 Tatum Myburgh
B036 Aj Bravjevich
B048 Gordon van Niekerk
D070 George v d Merwe
D069 Chris da Silva
K077 Edward Fourie
K 076 Drian Fourie
N062 Myles van Deventer rejoin

***Verjaarsdae / Birthdays***

| | | |
|---|---|---|
| G045 - | Leedert Snyman | 02-Dec |
| V054 - | Floors van Wyk | 13-Dec |
| V053 - | Schalk Strauss | 15-Dec |
| H073 - | Natalie Neethling | 16-Dec |
| H089 - | Lihan Geldenhuys | 20-Dec |
| H072 - | AJ vd Walt | 21-Dec |
| GO47 - | Andries Roelofse | 22-Dec |
| A026 - | Nico van der Westhuizen | 23-Dec |
| K040 - | Johan Botha | 27-Dec |
| C036 - | Charl Naudé | 28-Dec |
| B090 - | Shaun Smeda | 29-Dec |
| K014 - | Johnny Rudman | 30-Dec |

***Siek Lede***

Ds Renier Lee



## Voorwoord

Seppie Esterhuysen

Tyd vlieg, 2025 is op sy laaste!! As jy so bietjie stil gaan sit en jou gedagtes laat gaan oor die tyd wat reeds verby is, dan wonder 'n mens of jy al jou doelwitte bereik het. Kom ons wees eerlik, daar is 'n klomp wat jy behaal het, maar ook 'n paar uitstaandes. Was die jaar te kort, jy te besig of het jy meer geskep as wat jy kon eet!!! Terwyl jou gedagtes stoei met die ongedane dinge dan kom I en loer Kersfees oor jou skouer vir jou.

Kersfees is 'n tyd vir vriende en familie. Vir sommige 'n tyd van vreugde, vir ander 'n tyd van hartseer. Kom ons maak tyd om die wat deur moeilike tye gaan te kontak, 'n draai te gaan maak, maar moet hulle nie ignoreer nie!!

Kom ons bly by ons stokperdjie. Op die duiwefront is daar 'n paar dinge wat my laat dink het!! Vir my was die samekoms tydens ons streekskoue en SA's geleenthede wat ek iewers wegbêre, gereeld uithaal, herkou, want dit is goeie herinneringe en bly 'n voorreg om deel van dit te wees!! Vriende regoor ons land, in baie gevalle is hulle duiwe-familie. Ek onthou die dag met ons aankoms te Nelspruit, die plek was vreemd, die pad was oneindig lank, jy's moeg, daar wag 66 duiwe van ons Noord kapenaars om uitgepak te word en te versorg en daar staan Chris de Bruin, Willie van Zyl en At van Jaarsveld. Duiwe-familie en hulle verwelkom ons!!! Later daag Bertie, Gerda en Mari asook Nicolene en Nïel op, dit is 'n voorreg om deel van die duiwegroep te wees. Nog bekendes en onbekendes daag op, ons voel tuis!!! As ek nou terugdink dan besef ek net weereens hoe belangrik is dit dat tydens jou streekskou jy jou vertoners met hartlikheid en vriendelikheid moet ontvang, hulle tuis en welkom laat voel!!! So bou ons vriendskappe en jou skou skop vir jou besoekers op die regte noot af!!

Duiweboere is passievol oor sy ras, vir hom dalk mooi vir ander minder mooi!! Hierdie voorliefde vir 'n spesifieke ras help dat daar nie net 10 rasse op 'n skou geskou word nie, maklik 40 plus. Kom ons probeer om bietjie meer belangstelling te toon in jou medeboer se ras/rasse al is dit nou glad nie jou tipe ras nie!! Onthou, daar is duiweboere wat van

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

jou rasse hou, maar baie hou glad nie van jou rasse nie. Ek gaan hierdie uitdaging aanvat!!

Jy kan in jou duiwehok presteer, maar wie wil nie ook graag op 'n skou presteer nie!! As wen jou enigste motief is dan is verloor 'n bitterpil om te sluk.!!! Kom ons wees eerlik,niemand sal sy wen teruggee nie, dit bly 'n eer en 'n voorreg, maar wanneer jou streek se lede presteer, dit verskaf 'n ander vreugde en lekkerte, want hulle is deel van ONS!!!

Beteken jou streek vir jou as lid iets of is dit net 'n plek waar jy jou duiwe kan gaan skou, kostes minimaal!!!! Vir my is jou streek met sy lede die fondasie van die groter organisasie, die SASV!!! Hier moet onderlinge kameraderie wees, samewerking, opgewondenheid oor ons streekskou, die lede moet praat van ONS skou en nie van DIE skou nie. Jou streekskou is die vertoonvenster van jou streek. Hoe adverteer jy jou streek, hoe kry jy ander streke betrokke en wat bied jy aan om vertoners te trek. Sonder toegewyde lede wat help, is dit nie moontlik nie.

'n Laaste gedagte, dis altyd lekker om kontak te maak met mede-duiweboere, binne of buite jou streek, gesprek wissel van die klimaat tot moontlike kampioene, sukses met jou kleur-projek en vele meer. Sonder kontak met mede-duiweboere kan jou entoesiasme of passie stadig taan en selfs versmoor. Kom ons pak 2026 aan met ywer om ook jou mede-lede te ondersteun en te motiveer.



## *DIE WONDERWERK VERHAAL VAN STOFIE*

Artikel geskryf deur Heinrich Moldenhauer ingestuur deur Chris de Bruin

Ek deel graag met julle die verhaal van Stofie, 'n Scheitti Modena in wording.

Stofie se verhaal begin in die jongduif hok waar sy biologiese ma 'n ongewenste tiener swangerskap of sal ons sê 'n ongewenste eier beleef het.

Ek het die eier wat mooi groot en volmaak was, opgetel en onder 'n ander Modena wat haar een eier buite die nes gelê het, geplaas. Deel van Modena geite; die eier buite die nes.

Na 'n paar dae tydens my nagtelike besoek met flits in die hand merk ek die eier is sowaar bevrug en aan die ontwikkel. Hierdie nagtelike besoeke aan die hokke met flits in die hand word alleen gedoen sonder dat vroulief by is. 'n Vriend en mede-Modena teler vertel hy het een aand ook vol verwagting dat al die Modena eiers bevrug is, gaan kyk of dit aan sy verwagting voldoen. So belig hy die een eier na die ander van vele hoeke af net vir ingeval hy dalk iets nie raak sien nie om dan maar sy misnoë hardop te kenne te gee, min wetend dat sy 7-jarige seuntjie agter hom geloop het en by die hok se hek alles gade slaan en hoor.

Toe hulle terug is in die huis kon die jongeling dit nie meer hou nie en verkondig luidkeels aan mamma "pappa het f....kin duiwe".

Terug na Stofie. Die 18de dag breek aan en die eier word perfek mooi in die rondte gepik en Stofie word gebore. Die middag se inspeksie toon aan dat Stofie sterk is en al sy druppel duiwemelk by sy aanneem pa gekry het.

Die volgende oggend, 'n koue Saterdagoggend gaan ek oudergewoonte voor sonsopkoms kyk of alles reg is by die hokke. Daar lê Stofie buite die nes yskoud met geen teken van lewe. Ek gryp die liggaampie, draai dit in my sakdoek toe (ja!, ek gebruik nog outydse sakdoeke) en plaas dit in die oond wat alreeds tot 100° verhit is vir die borde terwyl ek besig is om ontbyt vir die huismense te maak. Ek laat darem die oond se deur oop en kyk elke paar sekondes of daar dalk lewe is.

Ek word by die sekonde meer moedeloos en die tyd breek aan dat ek maar die sakdoek wat nou lekker warm is, met die lewelose liggaampie na buite neem om 'n tuingraaf te kry om hom te begrawe. Toe ek die pap liggaampie uit die warm sakdoek haal hoor ek, of verbeel my, 'n sagte piep geluid,

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

net een. Ek hardloop terug kombuis toe en gee die liggaampie versigtig 'n druppel of twee lou warm water. Die voetjies begin beweeg maar die nekkie bly pap. Ek plaas vir oulaas die liggaampie onder 'n ander Modena ma wat net een pasgebore kleintjie het. Te bang om te gaan kyk, skraap ek die moed bymekaar teen die middag en gaan loer, die loer wat 'n mens doen as jy jou Universiteitsuitslae deur die pos kry! eers net met een oog. Sowaar, Stofie sit regop en is gevoer! Sowaar!

Die tyd gaan very en Stofie kry veertjies maar die ellende is nog nie verby nie. Stofie se kroppie is nie meer styf gevoer nie en hy kry .5ml gel vir kanker, dit help mos gou. Die volgende dag is dit nie beter nie en Stofie is duidelik siek. Die gevreesde jongduif (of kinder) siekte.

Nou word Stofie aan sy 4de aanneem ma oorhandig. Hy word gedokter en ouma gee ook haar spesiale muti wortelsap. Hy slaap in sy kassie voor ouma se bed en word sorgvuldig met 'n lappie toegemaak. In die nag kry hy bietjie louwarm water met 'n spuitjie.

Stofie verbeter stadig en kom ook hierdie terugslag te bowe. Stofie kry sy eerste volledige dos vere wat elke kleur genetikus sal laat kopkrap en die standaard antwoord sal laat gee "kom ons wag tot na sy eerste verveer om te bepaal wat sy kleur is en wat se faktore betrokke is".

Hier is 'n foto van Stofie, die wonderwerkie en behalwe dat dit 'n Scheitti Modena in wording is, weet ek steeds nie wat se kleur dit is nie.

Hoop hierdie wonderwerkie ontwikkel so dat hy/sy eendag op 'n skou, 'n beoordeelaar sal beïndruk.

Heinrich Moldenhauer



**Bo: Eerste foto van Stofie**



**Regs: Onlangse foto van Stofie**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



# THE MOOKEE
## ARTICLE 3: Colour
## Part 2: All Mookee Colours Matter.

Brian Rogers




**Quote No. 1:** “The painter of the future will be a colourist in a way no one has been before .” Vincent van Gogh.




**Purpose:** The purpose of this article is 3-fold.

1. The world of Mookee colour is exploding with the Americans competing with the Indians, Pakistani’s and the Bangladeshis (who I think are the best Mookee colour breeders around). Opal, Indigo, Andalusian, Grizzles, Almonds and a whole sub stratum of variants are being produced. Alas, not successfully in RSA - yet.
2. Apart from being artistically inspired to breed great Mookees of colour myself, I find there are a lot of new breeders who fall in love with the limited number of Mookee Yellows, Grizzles, Silver/Lavenders and Reds available. But the stock they end up with is the cull stock with poor type and mismarking – and there is nobody casting an eye out for them and giving advice and an encouraging word.
3. So, I formed a Mookee Colour Breeders Fellowship (MCBF-RSA) for those who want to breed good quality Mookees in a variety of colours.

**Mookee Colour Breeders Fellowship (MCBF-RSA)**

**Quote No.2** “The important thing is not to stop questioning. Curiosity has its own reasons for its existence.” Albert Einstein.

I would like to invite you to join our Fellowship. **Note**: It is not a club, it’s a discussion group, and members of the Fellowship come from SAFPA, NFPA and non-aligned breeders. How to join – just WhatsApp me on 083 281 7245. If we don’t know each other please introduce yourself and let me know why you would like to join our group.

We welcome anyone who has the Mookee at heart. You don’t have to be a breeder…maybe you are just thinking about breeding Mookees. Maybe you are a geneticist and would like to share your thoughts…we have some excellent experienced minds on the group already but wider debate is always welcome and part of the learning experience. Maybe you are a judge…we hold type at a premium so we discuss it alongside colour.

**Quote No.3** “The expert in anything was once a beginner.” Helen Heyes.

“All Mookee Colours Matter” is the title of this article but the real thought is “All Mookee Matters are loved and All Mookee lovers Matter.”

The delightful thing about this group is the number of beginners with enthusiasm, bright minds and the challenging questions they ask. These young beginners create a learning environment with its own momentum. I have already entrusted one entire colour (Dilute Brown Milky) programme to a young lady who comes from a renowned Racing Pigeon dynasty, giving her my three best pairs. I look forward to years of enjoying her growing an excellent stud. I know where they are, I know how to get them back if something happens. No more of this dissipation to pet shops and now-you-see-me-now-you-don’t breeders. That’s the bond the Fellowship group brings.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

**The Zoology.**

**Quote No.4** "Logic must no more admit a Unicorn than Zoology can." Bertrand Russel.

I hardly have the expertise in colour myself but I do have a brain and the determination to improve my knowledge and experience which I will share it as I progress. And progress I already am. But what about other new breeders? Apart from the discouragement from the establishment, they have to deal with understanding some of the pigeon colour science at least. In order for all of us colour enthusiasts have to improve type and to do that we have to both gain loft breeding experience and understand the theory. It's not easy, but hey there is far more fun in that for me than trundling out the next best brown bar year after year.

It might be tough to get one's head around, but the science is really important to the colour breeder. Genes, Alleles, Genotype, Phenotype, Homozygous, Heterozygous, Autosomal, Sex Linked, Polygenes, Atavism, Dominant, Recessive, Dilute, Mutation, Milky and powdered? Leucism, Modifier, Dirty. Copy Number Variation…I am sure this is not an exhaustive list. Yet it sure is exhausting. If you are a new breeder and wondering about colour, they also are, collectively, an intimidating assemblage. I don't think you can really get into colour breeding without a reasonable understanding of the terms, unless you are just " the wild and get lucky" type who can afford the many rejects you will get. The good news to new breeders, in my opinion of course, 80% of experienced pigeon breeders would fail an exam if they had to sit down and write a one sentence definition of those terms. The other 20% who did get the pass mark would be divided into 15% who really understood them and 5% who knew what to do with them. Probably though, only 1% really appreciate them. So, it's more of a level playing field than you think.

And more good news, you can grow your understanding of the Zoology and the terms on the Fellowship group.

**Where am I?**

**Quote No. 5:** "He who wishes to become a master of colour must see, feel, and experience each individual colour in its endless combinations with all other colours". Johannes Itten (Swiss Artist)

I am going to keep on asking my questions and seeking (different) answers, but I am an artist breeding pigeon's, not a science student. So, as long as my life allows me to go ahead with my Mookee Colour breeding project I will be using all the advice I can get – but quite probably mess with the colour chart in my own way, to get where I want to. Which is? I cannot express it better than the opening visual to this article which appears in many sub-continent contexts. I apologise, but I cannot read the artists signature and have not been able to identify him or her so cannot give due credit. However, as its widely used on social media I believe it was the artists intention for it to be enjoyed without contract.

Here's the crazy thing. Despite being shunned, by not giving up and dragging pet shops, back yard breeders, auctions and gaining some "off road" contacts, right now I have every one of the colours in this illustration in my loft (and more), with the exception of Yellow Check. Every one of my birds in my stock loft has potential. Yes, I bought some poor ones. They are culled one way or another. As they say, you can't make an omelette without breaking some eggs.

However, no matter what the specifics you see on a bird, it's not until you breed from it that you can begin to understand the potential contribution. So, I am breeding a lot. I have not stopped breeding, save for a two month moult break, since June 2023. Studying the results and swapping pairings to confirm possibilities or explore new ones. Some have delivered, some have put a look of happy surprise on my face…and some have failed. I have also been quite strong and culled the mismarked or otherwise basically defective birds. Not the most pleasant part of breeding but there is no point in perpetuating bad faults, just for the sake of colour.

**It's Time for a new Mookee Spring.**

**Quote No.6:** "Great things are done by a series of

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

small things brought together," Vincent van Gogh.

There are so many obvious colours to develop in our Mookees and quite a few more that remain to be unlocked.

I have heard that time scale – 6 years – used frequently by fanciers as to the calendar commitment it takes to build a decent stud of Fancy Pigeons. I am now in my 5th year with my Rollers and getting some admiration and recognition, but I am only entering year three with my Mookees. So, please don't think I am vein enough to think I am going to be winning any major prizes soon with my colours, but I will show them off each year, in order to share my progress. You will see me coming. I hope to see others joining me.

Here's wishing you all a splendid festive season and great breeding in 2026. Brian Rogers


sluit aan
by ons...

SA FANTAIL CLUB
WAAIERSTERTKLUB

Kontak:

Danie
Sel: 072 585 4028

Abraham
Sel: 071 600 1990

Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub



President: At van Jaarsveld
e-mail: atvanjaarsveld@gmail.com
Sel: 072-368-1214

Sekretaris: Jay-Dee Conradie
e-mail: jdconradie82@gmail.com
Sel: 0810417950 Augustus 2025




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 061 661 7420
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

## Wyse Woorde vir Inspirasie

***"Wees soos 'n boom: stewig gewortel, maar buigsaam in die winde van verandering."***
***- Hierdie aanhaling herinner ons aan die belangrikheid van aanpassing en veerkragtigheid in moeilike tye.***

***"In stilte vind jy die antwoord wat jy soek in die geraas van die wêreld."***
***- Dit beklemtoon die waarde van introspeksie en die soeke na innerlike vrede.***

***"Die grootste reis is die een aan die binnekant."***
***- Hierdie woorde herinner ons dat ware groei en ontdekking van binne af kom.***

***"Die mooiste kleure kom dikwels uit die donkerste oomblikke."***
***- Dit is 'n herinnering dat uitdagings dikwels lei tot die mooiste ervarings en groei.***

***"Moed beteken nie om nie vrees te hê nie, maar om voort te gaan ten spyte van vrees."***
***- Hierdie aanhaling moedig ons aan om ons vrese te oorkom en voort te gaan met ons drome.***

## SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub


*President: Bertie Wessels*
*e-mail: bertie_wessels@hotmail.com*
*Sel: 083 733 4191*

*Sekretaris: Ds Hennie Hattingh*
*e-mail: henniehattingh703@gmail.com*
*Sel: 082 923 3910*

*Augustus 2025*

*Prestigeskou*

*3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad*



## Uil & StrikduifKlub

*Spesialiteitsklub vir:*
*Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)*

**President : Shaun Smeda - 072 190 0345**
**Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496**
**leendert270@gmail.com**

*Augustus 2025*

## Suid-Afrikaanse Homer Klub



*President: Christo Munnik*
*e-mail: cora.christo@gmail.com*
*Sel: 076 391 5800*

*Sekretaris: Huidiglik vakant*

*Augustus 2025*



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell:061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

# Bankovs and Manie Fourie Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.

**NB Any member who obtain a R1000 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.

**NB 'n Lid wat 'n R1000 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R300 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) Contact Ringmaster**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | |
|---|---|
| 1. North-of-the-Vaal: | 1600 |

### Manie Fourie Trophy

| | |
|---|---|
| 1. Eastern Region: | 1124 |
| 2. Northern Freestate: | 1054 |
| 3. South Western Districts: | 600 |
| 4. Freestate: | 452 |
| 5. Western Transvaal: | 300 |
| 6. Northern Cape: | 300 |
| 7. Eastern Province: | 0 |
| 8. KwaZulu-Natal: | 0 |
| 9. Western Cape: | 0 |